# Al Psalmend

## WEEK EEN: DEEL EEN

---

### INLEIDING

Almal van ons het geliefde Psalms; sommige lees ons weer met 'n frons op ons voorkop. Die gewildes onderstreep ons, die moeilikes ignoreer ons. Ons doen dit ook in ons gemeentes: sommige gemeentes sing slegs tradisionele psalms, terwyl ander dit glad nie eers ken nie.

Deur die eeue het gelowige elke dag 'n Psalm gelees. Soms nie net een nie; in sommige tradisies lees mense – vandag nog - steeds drie psalms 'n dag: 'n oggend-, middag-, en aandpsalm.

**IN HIERDIE REEKS WIL ONS LEER OM MET ONS Oë TE LEES EN MET ONS HART TE LUISTER. DIT IS HOE JOU LEWE GEVORM WORD.**

**Om dit te doen moet ons die Psalms lees!**

**Eugene Peterson** het op 'n stadium, toe iemand hom vra hoe moet hy die Psalms bestudeer, bloot aanbeveel: *begin by Psalm 1, lees more Psalm 2, en gaan so aan. As jy by Psalm 150 gekom het, begin jy die volgende dag weer net by Psalm 1. En so maak jy vir die res van jou lewe.*

Die aanhaling is in fotoformaat beskikbaar.

Luister na die kort verduideliking wat Eugene Peterson gee oor die verskil tussen "lees" en "bestudeer" by (https://www.youtube.com/watch?v=mY7_idxEkb4)

In Tom Wright se boek, "The case for the Psalms: Why they are essential" het hierdie sin my aandag getrek het:

"*Psalms is like thinking about breathing*".

Soos ons liggame danksy suurstof aan die lewe bly, so bly ons gees lewend met die Psalms. Ons kan dus nie die Psalms bloot na willekeur lees nie; ons lees dit omdat ons nie daarsonder kan nie!

Ons lees die Psalms omdat dit **elke fase van ons lewens omsluit:** vreugde en verdriet; hoop en wanhoop; vertroue en twyfel.

**Elkeen van ons het idees oor die Psalms. Hierdie is myne:**

- Die Psalms is gebede-sonder-maskers: ons mag oor ons emosies eerlik wees by God.
- Die Psalms leer dat onreg nie misgekyk mag word nie en dat gebrokenes nie sonder troos mag leef nie.
- Die Psalms bring 'n balans tussen uitsigloosheid en die verwagting dat God uitkoms sal gee.
- Psalms is die teenmiddel vir ons geheueverlies: ons vertrou op God omdat God nog altyd getrou was.
- Die Psalms is nie net die gebede van gelowiges deur die eeue nie; ook Jesus het die Psalms gebid.
- Klaagpsalms is 'n gawe vir hulle wat woordeloos staan voor al die pyn in die wêreld.
- Die Psalms gee 'n woordeskat vir sowel hoop en dankbaarheid, as vir wanhoop en droefheid.
- Die Psalms kan nie net intellektueel bestudeer word nie. Dit moet altyd lei na selfontdekking en gebed.
- Die Psalms is die melodie waarop gelowiges sing wanneer hulle self nie nootvas kan wees nie.
- Die Psalms is die kwashale in die skilderye van die lewe: dit bring gelyktydig diepte en lig na vore.
- 

(Al hierdie punte is in foto-formaat beskikbaar sou jy dit wou aflaai) Sou jy belangstel, is daar ook 'n verwysing na 'n goeie oorsig van die Psalms op youtube: https://www.youtube.com/watch?v=j9phNEaPrv8

**VOORDAT JY VERDER GAAN, NEEM NET EERS TYD EN DOEN HIERDIE OEFENING: Hoe sal jy aan mense die rol van die Psalms in jou eie woorde verwoord?**

Vele skrywers het baie aandag gegee aan die emosies in die Psalmboek. Joan Chittester skryf in "*Songs of the heart: Reflections on the Psalms*" dat die Psalms

> *"die storie van die menslike siel in wording is.*
> *Dit gaan oor die lewe,*
> *wat dit beteken om te sukkel en om te lag;*
> *om verward en depressief te wees;*
> *om met selfaanvaarding te worstel*
> *en te streef na 'n groter begrip...*
> *Dit gaan oor almal van ons en oor alles van ons."*
>
> Hierdie aanhaling is in foto-formaat beskikbaar



**Die Psalms is 'n skatkis van emosies:**

* bang, bekommernis; benoudheid, vrees; angs: bv Ps 116:3

* vreugde, blydskap, vrolik, gelukkig: bv Ps 51:10

* verwondering; sprakeloosheid: bv Ps 139:14

* spyt, jammer, berou: bv Ps 51:19

* trane, verdriet, smart: bv Ps 6:7

* kwaad, woede, Ps 7:15

* ontsteltenis, teleurgestel, Ps 77:5

* vertwyfeling, beskaam, Ps 42

* raadop, moedeloos: Ps 40:13

**Voordat jy voortgaan, blaai eers weer deur die Psalmboek en kyk hoeveel van hierdie emosies kan jy raaklees.**

John Collins het weer gesê dat die Psalms is nie net 'n uitdrukking is van emosies nie. *Hulle wat die psalms in geloof sing word emosioneel daardeur gevorm na God se beeld.* C. John Collins

(Hierdie aanhalings is in foto-formaat beskikbaar)

**Terwyl jy met die volgende oefening besig is, vra die Heilige Gees om jou te begelei.** (Hierdie oefening behoort jou nie langer as 15 minute te neem nie).

- Blaai rustig deur tussen Psalm 1 tot 50.
- Laat jou oë bloot ontspanne oor die woorde gly, sien raak, maar moenie analiseer nie.
- Merk met 'n potlood NET VYF verse wat jou aandag trek.
- Skryf die teksverwysings (en as jy lus is, selfs die volle vers) neer. Hou dit byderhand omdat ons weer in die volgende weke daarna gaan kyk.
- As jy uit die vyf nou NET EEN moet kies wat vandag vir jou betekenisvol is, watter een sal dit wees?
- Waarom, dink jy, sal dit die teks uit ál die moontlikes wees waarby jou oog stil gaan staan het.
- Watter emosie verwoord hierdie teksvers vir jou?

Is jy verras oor wat jy ontdek?

## BID OF BESTUDEER?

| |
|---|
| *"Die Psalms is liedere-gedigte is, en sulke gedigte is bedoel om gesing te word, nie om leerstukke oor te skryf nie. Dit is bedoel om gebid te word, nie om gepreek te word nie."* (C.S. Lewis)<br><br>(Hierdie aanhaling is in foto-formaat beskikbaar) |

Daar is 'n rykdom van roetes om te volg as jy 'n ernstige "bybelstudent" wil wees. Jy sou bv. die literêr-analitiese manier kon volg, of 'n histories-kritiese, selfs dalk 'n kontekstuele benadering. Dit is alles geldige benaderings – veral as jou klem 'n formele "studie" van die Psalms is. Dit is **egter nie hoe ons hierdie kursus te werk gaan nie.**

Teenoor hierdie "tegniese roetes" om die Psalms te dissekteer met 'n vergrootglas en 'n skalpel, gaan ons 'n meer "**spirituele lees**" (of "meditatiewe lees") metode toepas.

Ek skryf hierdie kursus met myself ook ingedagte: net soos jy, wil ek ook in my intimiteit met God verdiep, en wil ek ook in die gestalte van Christus in die wêreld leef. Soos die dissipels van ouds vra ook ek, "*Here, leer ons bid!*" Dietrich Bonhoeffer haal só vir Martin Luther aan in sy boek, "*The Prayer book of the Bible*" :

| |
|---|
| *Die Psalms deurdring die "Onse Vader"-gebed in,<br>en die "Onse Vader" deurdring die Psalms,<br>daarom is dit moontlik om die een as die basis van die ander te beskou<br>en om dit saam in 'n vreugdevolle harmonie te gebruik.*<br><br>***(Hierdie aanhaling is in foto-formaat beskikbaar)*** |

## SINGENDE GEBEDE

Al wil ons nie 'n teoretiese verstaan van die Psalms hier gebruik nie, moet ons wel eers vandag vasstel wat die Psalmboek bedoel is om te wees?

Martin Luther, die 16de eeuse Kerkhervormer, het gesê dat die Psalms die hele Bybel bevat. Hy het van die Psalms as "*Die Klein Bybeltjie*" gepraat. Behalwe dat die Psalms ook in die Nuwe Testament aangehaal word, was dit die gebede wat Jesus, as 'n Jood van sy eie tyd, in die sinagoge, gesing en deur die loop van die dag opgesê het.

Paulus beklemtoon in Kol 3:16 die belangrikheid van die Psalms:

*Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.*

## WAT IS DIE PSALMS?

| |
|---|
| "*Die Psalms is nie net 'n uitdrukking van emosies nie. Hulle wat die psalms in geloof sing word emosioneel daardeur gevorm na God se beeld"* — C. John Collins<br>Hierdie aanhaling is in foto-formaat beskikbaar.<br><br>(Willem, moenie bekommerd wees nie, ek weet hierdie aanhaling verskyn in die teks met fotos op 'n ander plek. Daar is wel logic in my madness |

Ons kan solank die volgende met sekerheid oor die Psalms sê (hierdie punte is in foto-formaat beskikbaar):
:

- Die woord "psalm" (in Grieks: psalmos) beteken om 'n instrument se snaar te speel, of ook "pryslied". Die woord vir "psalm" in Hebreeus is *"mizmor".* (Telkens wanneer jy in die Psalms lees van 'n gebed wat met die "begeleiding van..." gelees moet word, staan daar in Hebreeus "*mizmor*"

- Die Psalmboek is 'n versameling van hierdie "musiek-met-liriek", soms vir die gebruik van 'n enkelling, soms in 'n gemeente.

- In Hebreeus is die woord vir die Psalmboek: "*Tehillim*". Dit is 'n meervoudswoord wat vertaal kan word met "lofprysings" of Liederebundel".

- Die Psalmboek is die grootste boek in die Bybel en beslaan die meeste verse.

- Dit bestaan uit 150 gebede en is opgedeel in vyf boeke (- die Joodse rabbi's het vir baie lank geleer dat die vyf boeke ooreenstem met die vyf boeke van Moses): Boek 1 (Psalm 1–41)
  Boek 2 (Psalm 42–72)
  Boek 3 (Psalm 73–89)
  Boek 4 (Psalm 90–106)
  Boek 5 (Psalm 107–150)

- Elkeen van die vyf boeke eindig met 'n loflied/eerbetoon: Psalm 41:13; 72:18–19; 89:52; 106:48; 145:21.

- Psalm 1 en 2 is die inleiding van die hele Psalmboek en Psalm 146-50 is die afsluiting.

- Die eerste verse van elke Psalm gee ‵n aanduiding waaroor die Psalm handel. Net 34 Psalms het nie ‵n “inleiding” nie.

- Wat die outeurskap betref: Naas Dawid is daar ook Psalms geskryf deur Salomo en Moses, ook deur Asaf, Heman en die Koragiete, asook een van Etan. Daar is ook 51 anonieme psalms.

- Nie al die Psalms wat deur Dawid geskryf is, kom uit sy pen nie. Dink eerder aan die Psalms as “aan Dawid”, “vir Dawid”, “in die styl van Dawid”n Mens moet eerder dink dat, behalwe die Psalms wat deur Dawid geskryf is,

As jy nog meer wil uitvind, hier is ‵n goeie grafiese oorsig van die Psalms: https://www.youtube.com/watch?v=j9phNEaPrv8

TEN SLOTTE: In hierdie vier weke nooi ek jou om saam met my deur die Psalmboek te lees. Om al 150 psalms op een slag te lees neem ‵n mens ongeveer 5 ure. Dit beteken, as jy elke dag, vir die volgende 28 dae, vir ongeveer 15 minute lank lees, sal jy al die Psalms deurgelees kry. Jy kan jou eie indeling gebruik, of jy kan die indeling gebruik wat ek vir myself uitgewerk het. (Laai dit op die webwerf af.)

Waarom sou ons dit wou doen? Dit dwing ons om al die Psalms te lees, en nie so gefragmenteerd soos ons dit gewoonlik doen nie.

Onthou, die Psalms is eintlik 5 boeke wat as elkeen as ‵n eenheid gelees behoort te word. Dit is moderne vertalers wat die teksvers-indelings gedoen het, dit was nie oorspronklik in die teks so geskryf nie. Juis daarom is dit sinvol om die boek te lees as ‵n eenheid.

**Die volgende stuk vir WEEK EEN is Donderdagoggend, 16 Julie 2020, 06:00, gereed om afgelaai te word.**